# 25 September 2023 - Lesing 136 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Aansporing aan alle arbeiders in die wingerd

**NO: 7599** Die golwe sal steeds hoër styg wat vir julle, My dienaars op aarde, wil vasgryp en julle sal in verskillende soorte benouenisse beland en tog sal julle My trou moet bly in al julle nood van liggaam en siel. Julle sal steeds daaraan moet dink **dat dit die tyd van die einde is waarin julle leef.** En hierdie tyd van die einde sal julle nog baie verrassings besorg, van welke aard dit ookal mag wees.

Maar dit is seker, dat julle julleself getrou aan My openbaringe sal moet hou, **aan My Woord, wat uit die hoogte tot julle kom**. Want julle sal ook dan moet weet dat My teenstander baie verwarring tot stand sal probeer bring, **deurdat hy groot dwalinge in die waarheid sal probeer strooi en hy ook sal slaag**, omdat die mense dikwels geen onderskeidingsvermoë besit nie, omdat dit die mense dikwels ontbreek dat hulle gees gewek is.

Maar hulle sal kan vra vir die **gawe van onderskeiding**, omdat Ek waarlik die mens wat die waarheid ernstig begeer, nie in dwaling sal laat voortgaan nie. En Ek laat julle ook waarlik die kennis toekom wat julle nodig het, om in die komende tyd goeie werk in My wingerd en My ryk te verrig en julle daarom ook nie genoodsaak sal wees om vreemde geestelike goed julle eie te maak wat julle nie van My ontvang het nie.

Maar julle moet let op die gebeurtenisse om julle heen, van die lewe en die verdrukking in hierdie wêreld en die handelinge van die mense, omdat julle dan ook die doen en late van hom sal herken wat in die laaste tyd woed, omdat hy weet dat hy nie veel tyd meer het nie.

En so gee Ek julle ook steeds weer te kenne dat julle die stuur en leiding aan My sal moet oorlaat, want Ek weet waar en hoe ‘n mens ook ‘n troue kneg kan wees vir My, wie van plan is om vir My te arbei. En vir hom wys Ek waarlik ook sy werksaamheid toe en hy sal nie nodig hê om self die arbeid te soek wat hy vir My moet uitvoer nie.

Maar dit is die werk van My teenstander, naamlik om steeds weer **die denke van die mense in die war te bring, hulle aan te hits en van die pad af te bring, hulle die innerlike rus te ontneem, die mense teen mekaar op te steek en alle vrede te versteur**.

Die werksaamheid van My teenstander bestaan ook daaruit om die blik van die mense af te lei van suiwer geestelike gebeurtenisse en te rig op praktyke van onrype geeste, wie hulself bedien van mense wat van hulle afhanklik is om onrus te stig.

Julle moet julle weg vasberade gaan, bereid om My as troue knegte te dien en steeds net wag waar Ek julle sal plaas vir julle diens. En Ek sal julle lei, maar onderneem niks eiesinnig nie, maar laat Ek alles reël, want Ek weet wat sukses oplewer of wat tevergeefs is.

Ek ken ook die werksaamheid van My teenstander en kan julle steeds maar dié raad gee, naamlik om julle tot My te wend, julle aan My oor te gee en nie te handel uit oordrewe ywer nie, omdat elke onrus die werk van My teenstander is, **maar julle die innerlike vrede alleen by My sal kan vind**.

En laat My julle Leier en vaste Begeleier wees, dan sal alles vanself so verloop dat julle slegs julle innerlike aanmaninge hoef te volg en julle sodoende korrek en goed sal handel vir My en My dus sal dien as knegte in My wingerd. Maar laat julle nie deur 'n vreemde mag beïnvloed nie. En steeds weer sal julle ‘n vreemde mag moet vrees, wanneer die innerlike rus julle sal verlaat.

Alles moet sy tyd hê en ook **die werksaamheid van die bose kragte word deur My toegelaat**, sodat die mense hulself kan beproef hoe vêr hulle daaraan weerstand kan bied. Maar Ek stel dan My Krag daarteenoor, wanneer dit tyd is en dan sal ook julle, My dienaars, weet, dat julle nou aktief sal moet wees en werk vir My. En daarom is slegs dit nodig:

Dat julle julleself vol vertroue aan My sal oorgee en My om leiding sal vra en dan sal julle ook geroep word tot die diens, sodat julle voor My suksesvol kan wees.

Julle moet nie sake vanuit julleself aanpak, sonder dat julle die opdrag daarvoor van My af ontvang het nie.

Maar julle moet te alle tye bereid wees om My te dien en dan sal julle ook so gelei word, sodat julle goeie arbeid vir My in die wingerd kan verrig, sodat julle siele gered kan word voor die laaste verderf, sodat julle dus in waarheid vlytige knegte vir My sal wees gedurende die laaste tyd voor die einde. Amein.